

10 Julie - LASARUS

Skrifgedeelte: Johannes 11:1-44

Fokusgedeelte: Johannes 11:4

Die gedagte uit die Ou Testament van hoe God dinge wat die mens as groot struikelblokke sien, omvorm tot iets wat tot groot sêen is, kry ons ook in die Nuwe Testament. In hierdie dagstukkies sien ons hoe Christus self die oorwinnaar van struikelblokke is.

In Johannes 11 sien ons hoe Lasarus die fokuspunt van nog 'n struikelblok is. Hierdie struikelblok is nog veel groter: dit is die dood self! Jesus ontvang berig van Lasarus se siekte, maar neem sy tyd om by hom uit te kom. Hy, wat alle siekte kan genees, haas homself nie na die toneel nie. Ondanks die feit dat Lasarus Hom liefhet, en Hy vir Lasarus, laat Hy Lasarus toe om dood te gaan. Hy laat Lasarus toe om in menslike denke die grootste struikelblok denkbaar te word.

Hoekom doen Hy dit? Ons sien iets hiervan in Johannes 11:4. Lasarus se dood is nie 'n werklike dood nie, en deur dit wat Jesus gaan doen, openbaar Hy God se groot mag en word Hy verheerlik.

Ons weet wat gebeur het. Te midde van baie verwyte en trane het Jesus vir Lasarus uit die dood opgewek. So wys Hy dat Hy mag oor die dood het. Die dood is vir Hom geen struikelblok nie. Boonop is die dood deur Hom, wat uit die geslag van Lea en Jakob gebore is, vir ons ook nie 'n struikelblok nie. Inteendeel, ons kan almal uitsien na 'n lewe van ewigheid by Hom.

Alle struikelblokke in ons lewens, klein en groot, hoef ons nie meer moedeloos of bang te maak nie. Ons moet ons vertrouwe in God stel, en glo dat Hy al hierdie dinge tot ons beswil sal laat meewerk.

Sing: Psalm 91:3, 4

Teol. Student Hannes Lee